Hoërskool
DR. E.G. JANSEN
POSBUS 25454, OOSRAND, 1462 TEL: 011 826 1538/9/ 826 1546 FAKS: 011 826 4015 EPOS@EGJANSEN.CO.ZA WWW.EGJANSEN.CO.ZA

5 November 2021

Geagte Ouers/Voogde

SKOOLGELDE 2022

Tydens die Ouerbegrotingsvergadering van 4 November 2021 is die 2022-begroting soos voorgehou deur die vergadering, aanvaar. Tydens die vergadering is aspekte, soos vervat in die detailbegroting, bespreek en resolusies dienooreenkomstig goedgekeur. Laasgenoemde word hieronder uiteengesit.

Betaling van skoolgeld kan eenmalig voor of op 1 Januarie 2022 of maandeliks per debietorder (skoolvoorkeur), elektroniese oorbetaling, kredietkaart of per toonbankinbetaling gemaak word.

Skoolgelde, sportakademie asook, sentrumgelde kan ook d.m.v bogenoemde opsies maandeliks vereffen word. **Let asseblief daarop dat a.g.v administratiewe kostes ons hierdie heffings vir die volle jaar hef. Eerstens word die vakheffings verhaal, en dan die skoolgelde – u betaal nog steeds u maandelikse paaiemente.**

Beskrywing	Jaarliks	Per Maand
Skoolgelde 2022	25 500.00	
Aanvangsheffing – is betaalbaar teen 31 Oktober 2021 vir huidige graad 8 tot 11		1 300.00
***Aanvangsheffing – vir graad 8 (2022) is betaalbaar teen 31 Desember 2021**		
11 Paaiemente (1 Januarie 2022 – 1 Nov 2022) – Gr 8 tot 11	24 200.00	2 200.00
10 Paaiemente (1 Januarie 2022 teen 1 Oktober 2022) – Gr 12	24 200.00	2 420.00
Ander kostes vir addisionele studiegidse of toerusting sal deur die betrokke personeel aan die leerlinge deurgegee word.		
Eerste en tweede leerder per gesin betaal vol skoolgelde maar 'n derde leerder		
is gratis. Kry volle korting op skoolgelde alleenlik.		
Eenmalige betaling		
15 % voor 31 Desember 2021 (uitgesluit aanvangsheffing)	**3 630.00**	
Korting sal slegs op skoolgeld toegestaan word indien u sentrumfooie en sportakademiefooie ten volle vereffen is.		
Debietorders		
1 Janaurie 2022 - 1 November 2022 (Gr8 tot Gr 11)	**Vorm is aangeheg en word ten sterkste aanbeveel**	
1 Januarie 2022 – 1 Oktober 2022 (Gr 12)		
R 1 500 korting word toegestaan vir November indien debiet order elke maand gehandhaaf word.		

Beskrywing	Jaarliks	Per Maand
Handboeke		
Heffing betaalbaar teen 12 Januarie 2022	**350.00**	**Eenmalig**
Alle skrifte volgens vereistes in verskillende vakke moet self aangekoop word (lys sal voorsien word). Addisionele werksboeke kan by die skool aangekoop word.		

Skoolgeldvermindering (Subsidie) Aansoeke		
Moet teen ***28 Februarie 2022*** ingedien wees. **Geen laat aansoeke kan aanvaar word nie**. Na hierdie datum bly u verantwoordelik vir die volle skoolgelde.	Vorms beskikbaar by die finansiële kantoor; register moet voltooi word	
Sportakademie	**Jaarliks**	**Per Maand**
Netbal, Hokkie, Krieket, Rugby	3 400.00	309.09
Sentrumgelde		
RTT (Graad 8 tot 9)	1 540.00	140.00
RTT (Graad 10 tot 12)	2 310.00	210.00
IT (Graad 10 tot 12)	2 310.00	210.00
Gasvryheidstudies(Graad 10 tot 12)	1 540.00	140.00
Verbruikerstudies (Graad 10 tot 12)	1 540.00	140.00
Busgelde (Brief beskikbaar by die Algemene kantoor)		
Daaglikse roetes	6000.00	600.00
Graad 11-matriekfonds	150.00	Eenmalig
Sportklubgelde Beurshouers Ander sportleerlinge	 700.00 600.00	 Eenmalig Eenmalig
Toesluitkassie (Locker)	550.00	

DEBIETORDERS

Die debietorderfasiliteit word deur die skool aanbeveel en ouers word aangemoedig om vir die volgende redes van die fasiliteit gebruik te maak:

- kontanthantering word uitgeskakel;
- geld kan nie verlore raak nie;
- besparing op bankkoste;
- versekerde maandelikse inkomste vir die skool;
- **Korting van R 1 500 sal toegestaan word as 'n krediet in November indien elke maand se debietorder suksesvol afgegaan het.**

Indien u bankbesonderhede verander, stel ons asseblief onmiddellik in kennis sodat ons die rekords op datum kan bring.

Huidige debietorderopdragte word in stand gehou tensy ander reëlings met die finansiële kantoor getref is.

Vind hierby aangeheg 'n debietorderopdragvorm indien u van hierdie betaalmetode gebruik wil maak.

Handig asseblief hierdie vorm teen 30 November 2021 by die skool se finansiële kantoor in ten einde die debietorders teen 1 Januarie 2022 in werking te stel.

ELEKTRONIESE, INTERNET- OF TELEFOONBANKINBETALINGS

Stuur asseblief bewyse van die betaling aan annette@egjansen.co.za met die leerling se rekeningnommer as verwysing ten einde toedeling te bespoedig. Bankbesonderhede is as volg:

ABSA BANK
TJEKREKENING : 230390126
TAKKODE : 632005

KREDIET-/DEBIETKAART

Die skool beskik oor 'n krediet-/debietkaartfasiliteit.

AANVANGSHEFFING

Die eerste skoolgeldpaaiement van **R1300 per leerder vir 2022 was reeds betaalbaar voor of op 31 Oktober 2021.** Dit vorm deel van die totale verpligting vir 2022. Alle leerlinge, ongeag wanneer u by die skool inskryf, moet hierdie bedrag betaal. Die huidige standaardreëling is dat die bedrag elke jaar, tot verdere kennisgewing, betaalbaar is voor/op 31 Oktober 2021. Dit word dan geag as die eerste paaiement van die volgende skooljaar.

AGTERSTALLIGE SKOOLGELD

Die betaling van skoolgeld is kragtens die Skolewet, 1996 (no 84 van 1996) verpligtend. Agterstallige rekeninge sal na 3 maande vir invordering oorhandig word. Indien u reëlings in die verband wil tref, moet u vroegtydig die versoek skriftelik deur die aansoeker by die finansiële kantoor (vir aandag: me E Visagie) inhandig.

SKOOLGELDVERMINDERING (SUBSIDIES)

Voorsiening word vir subsidie-aansoekers gemaak.

Ouers wat hiervoor kwalifiseer, moet **voor 28 Februarie 2022** die voltooide subsidievorms by die finansiële kantoor inhandig. Die betrokke vorms kan by die finansiële kantoor afgehaal word.

Geen vermindering sal toegestaan word sonder die nodige dokumentasie en volledige voltooide vorms nie. Kragtens die familiereg is ouers gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolgelde, ongeag hulle huwelikstatus.

SKOOLKLERE

Graag bring ons dit onder u aandag dat daar twee verskaffers van ons skoolklere is:

SCHOOL AND LEISURE
Winkel 12 (oorkant Virgin Active)
K90 Sentrum
H/V Noordrand en Rondebultweg
Boksburg
(011) 823-4055

THE PEEPHOLE
Markstraat 78
Boksburg
(011) 917-9685

Enige probleme i.v.m skoolgelde, kontak **me. Elize Visagie (011) 826-5222.**

Baie dankie aan almal wat skoolgelde getrou betaal, dit word opreg waardeer.

Geseënde Kersfees en Voorspoed vir 2022.

Die uwe

LF DE BEER
HOOF

D SWART
VOORSITTER BEHEERLIGGAAM

WYSE VAN BETALING (merk asb. toepaslike nommer)

Naam van Leerder : .....Rek no:.....

Omkring slegs EEN van die volgende nommers en dui so u betalingsvoorkeur aan.

1. Eenmalig voor einde 1 Januarie (volle bedrag minus afslag soos deur BL bepaal).

OF

2. Elf gelyke maandelikse paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 November (graad 8 tot 11) by die finansiële kantoor of direk in die skool se bankrekening.

OF

3. Tien gelyke maandelikse paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 Oktober (graad 12) by die finansiële kantoor of direk in die skool se bankrekening.

OF

4. Per debietorder met die volgende bankbesonderhede (eerste paaiement betaalbaar 1 Januarie en daarna op eerste werksdag van elke maand).

Naam van rekeninghouer : ….....

Naam van bank : ….....

Takkode : ….....

Tak Naam : ….....

Rekeningnommer : ….....

Tjek / Spaar/Transmissie : ….....

Voorwaardes :

1. Indien die betaling van 'n debietorder vir een maand deur die bank geweier word, word die bedrag vir die volgende maand verdubbel.
2. Administrasiekoste word gehef vir onbetaalde debietorders en onbetaalde tjeks.
3. Indien 'n debietorder 'n tweede keer geweier word, word dit nie weer aangebied vir betaling nie en word u aanspreeklik gehou vir die vereffening van die volle skoolgeld.
4. Hierdie magtiging kan deur u gekanselleer word deur ons 30 dae skriftelik kennis te gee.

Onderteken te _____ op hierdie _____

dag van _____ 20 _____.

…..... ….....

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG **TELEFOONNOMMER**